

16 Mei 2021

# FAMILIE TUISBLAD

## Johannes 17:6-19



### Jesus se gebed

Deesdae het ons baie WEGNEEM etes wat dinge vir ons makliker maak tydens ons besige lewens. Watter wegneemkos (*take aways*) is julle geliefkoosde? Hierdie week dink ons aan die spesiale boodskap wat Jesus vir sy dissipels gegee het, voor Hy WEGGENEEM is in die wolke (met Hemelvaart). Hy het belowe Hy gaan nie weg nie, maar sal op 'n nuwe manier by Sy kinders teenwoordig wees deur sy Gees. Hy het gebid dat God ons altyd sal bewaar, en een moet maak en dat ons toegewyd moet wees aan die waarheid.

In hierdie week vier die meeste gemeentes ook Pinkstertyd – waar ons, soos die dissipels in die bovertrek, dink aan die gawe van die Heilige Gees wat Hy vir ons gee, sowel as sy opdrag aan ons. Hy stuur ons na die wêreld met die Evangelieboodskap – só word dit WEGGENEEM na ander mense, sodat dit die hele wêreld kan bereik.

### Lees: Johannes 17:6-19 (veral verse 6-7, 11 en 17-18)

#### Gesels:

1. Elke "take away" plek het gewoonlik 'n slagspreuk – kan julle aan 'n paar dink?
2. As jy 'n slagspreuk vir jouself moet uitdink, wat sal dit wees?
3. Watter belofte in die teks beteken vir jou die meeste? Hoekom?
4. As jy vir God 'n slagspreuk moet gee m.a.w. een ding wat jy vir ander van God moet vertel of een boodskap wat jy moet los van wie God is, wat sal dit wees?

#### Doen en bid:

Skryf die beloftes in die teks in julle eie woorde oor en bid dit dan saam as 'n gebed.

Hier is nog 'n paar idees hoe julle Pinkster saam kan vier: <https://dinkjeug.co.za/pinkster-doen-idees-vir-families/>

---

Reis hierdie week verder saam met die tema van **Pinkster** te luister na die **Dinkjeug Familie App** se oordenkings. Daar is daaglik, Maandag tot Vrydag, 'n 5 min podcast waarna gesinne kan luister met 'n storie, teks, gespreksvrae, gebedswenk en doen idees.

#### Laai die app hier af:

Google Play: <https://play.google.com/store/apps/details?id=com.dinkjeug.dinkjeugapp&hl=en>

Apple iStore: <https://apps.apple.com/za/app/dinkjeug-families/id1504077715>

Vir meer hulpmiddels om jou hele bediening weekliks met dieselfde teksgedeelte te bely, besoek NOUS by [www.nous.org.za](http://www.nous.org.za)